Sake24
GELDWYS
10 Oktober 2009

DRIE BELANGRIKE KOSTES BY AFTREDE

Aftrede is seker een van die mees emosionele tye in enige persoon se lewe. Dit is hier waar jy moet afskeid neem van dit waaraan jy die grootste gedeelte van jou dag vir die afgelope dertig of veertig jaar gewy het.

Soos by enige ander emosionele gebeurtenis gaan aftrede ook gepaard met die neem van belangrike besluite wat ‘n wesentlike invloed op jou lewe vorentoe kan uitoefen. Dit is gevolglik uiters noodsaaklik dat jy jouself deeglik moet vergewis van al die opsies en keuses gedurende die proses.

Ons almal se doel met ons aftreefondse is natuurlik dat dit soveel as moontlik moet groei om sodoende te verseker dat ons lewensstyl en kontantvloeiprojeksies gehandhaaf kan word in latere jare soos beplan. Daar is in wese twee primêre faktore wat ‘n invloed uitoefen op die toekomstige groei van ‘n belegging, naamlik die kostes wat gehef word sowel as die prestasie van die onderlinge bates of fondse waarin belê word.

Die keuse van die onderlinge bate-allokasie en fondse in ‘n belegging is ‘n omvattende proses wat deur die gekose finansiële adviseur behartig sal word.

Daar is egter drie spesifieke kostes waarna voornemende beleggers moet kyk voordat ‘n finale besluit geneem word oor die keuse van ‘n finansiële adviseur of produk.

Die eerste koste is die van die finansiële adviseur wat meestal onderhandelbaar is en bestaan gewoonlik uit ‘n deurlopende bestuursfooi wat maandeliks gehef word. In uitsonderlike gevalle word daar nog ‘n aanvangsfooi gehef maar dié praktyk kry baie kritiek en word nie meer baie toegepas nie.

Die tweede koste is die van die instelling wat die produk huisves, wat gewoonlik op ‘n glyskaal bereken word wat afneem hoe groter die bedrag is wat in die spesifieke produk gehuisves word. Aangesien die funksie meer administratief van aard is, is dit noodsaaklik dat mens die koste so laag as moontlik kry maar gepaardgaande met goeie diens. Vra gevolglik jou finansiële adviseur om die koste van die verskillende versekeraars of platforms aan jou uit te lig.

Die derde koste is die van die onderliggende fondse of bates waarin die fondse belê word. Maak seker jou finansiële adviseur openbaar die koste per fonds aan jou.

Deur na die drie spesifieke kostes te kyk en jaarliks te monitor sal voornemende beleggers verseker dat hulle opbrengste nie aan buitensporige hoë kostes onderworpe is nie.

- Johan Borcherds is ‘n finansiële beplanner by PSG Konsult.